

Nie langer slawe nie

“Christus het vir my sondes gesterf. Daarom vergewe die Here my sondes.” Dit is vir sommige Christene die ooreenvoudige somtotaal van die evangelie.

Dit lei daartoe dat mense wel glo dat hulle sondes vergewe word, maar dié evangelie het geen invloed op hul lewe van elke dag nie. Dit kan ook daartoe lei dat ons bly praat oor ons sondigheid, maar dat daar van die nuwe lewe min tereg kom. Ons bly vassteek in ons sondigheid, maar kom nie verder as belydenis daarvoor en vergifnis vra daarvoor nie.

Die Kategismus noem hier ’n baie belangrike verdere betekenis van Jesus Christus se kruisdood. Hy het nie net plaasvervangend vir ons sondes gesterf nie, Hy het ook die *mag* van die sonde vir ons gebreek. Vir hulle wat aan Christus behoort is die heerskappy van die sonde nie meer vanselfsprekend nie. Ons is nie meer slawe van die sonde nie. Wat ’n heerlike bevryding lê daarin opgesluit! Ons hoef nie meer voor die sonde te gaan lê nie – die sonde is nie meer ons baas nie.

Daarom behoort ons sterker klem te lê op ons nuwe lewe van gehoorsaamheid. Paulus wys die weg in sy briewe. Eers word die evangelie van Jesus Christus verkondig. Dan volg ’n “praktiese” deel waarin hy sê hoe hierdie evangelie ons lewe raak. Ons lewe behoort ’n dankoffer te wees waarin ons hierdie bevryding van die mag van die sonde uitleef.

Sing: Psalm 25:3, 6 (p. 116)

Dr. F van der Walt (Bellville-Oos)

~~~~~